# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

1 Maart 2024

Geagte ouers/voogde

## NUUSBRIEF 8/2024

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**LAERSKOOL VILLIERIA BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2024**

Besoek asseblief ons Facebookblad of Webblad, of klik op die skakel vir besigtiging van ons kandidate. Die skakel is ook per sms aan alle ouers gestuur vandag.
(Let wel, inhoud soos vanaf kandidate ontvang).

https://www.laerskoolvillieria.co.za/beheerliggaamverkiesing2024

Soos reeds aan u gekommunikeer vind Laerskool Villieria se Beheerliggaamverkiesing Maandag, 4 Maart 2024 plaas soos per inligting hieronder uiteengesit. Ons doen 'n beroep op alle ouers om Maandag te kom stem by ons voldag Beheerliggaamverkiesing. Sodoende word 'n Beheerliggaanm se mandaat versterk en meerderheid ouers se belange word op die hart gedra. ***Die stemproses gaan u op die langste 5 minute vat.*** Om 'n kworum te vorm, het ons 261 ouerstemme nodig. Kom stem wanneer jy jou kind(ers) aflaai, of weer kom oplaai, of enige tyd gedurende die dag tot 18:00.

- Inligting
  - ✓ Formaat: Voldagverkiesing
  - ✓ Datum: Maandag, 4 Maart 2024
  - ✓ Tyd: 6:00 – 18:00
  - ✓ Stemlokaal: Metodiste kerk se saal (H/v 29ste Laan en Ben Swartstraat)
  - ✓ Ingang: 29ste Laan

- Belangrikheid van deelname aan die Beheerliggaamverkiesing
  - ✓ Ek dink ons almal weet teen hierdie tyd hoe uiters belangrik die rol van 'n Beheerliggaam in ons skole is.
  - ✓ Betrokke ouers/voogde sorg vir suksesvolle skole.
  - ✓ 'n Skool se Beheerliggaam sorg vir bykomende befondsing om die skool op te knap en te verbeter.
  - ✓ 'n Beheerliggaam beskerm leerders sowel as personeel en ouers se belange in die skool.
  - ✓ Hul verseker dat leerders gehalte onderrig ontvang.
  - ✓ Die Beheerliggaam is ook verantwoordelik vir die skool se gedragskode en verskeie beleide van die skool.
  - ✓ Die groot uitdaging bly goeie deelname vanaf die ouergemeenskap sodat ons die kworum van ten minste 255 ouerstemme kan haal. Daarom vra ons vriendelik dat u asseblief moeite sal doen om te stem.
  - ✓ Hoe meer ouers stem, hoe sterker is die skool se Beheerliggaamposisie gedurende die volgende drie jaar.

**VILLIES OPEDAG**

Ons herinner alle voornemende 2025 graad R- tot 7-ouers aan ons Opedag. Maak seker jou kollega, buurmense, familie en vriende neem kennis.

- Inligting
  - ✓ Datum: Saterdag, 9 Maart 2024
  - ✓ Tyd: 9:00 – 11:00
  - ✓ Parkering: Metodiste kerk (29ste Laan)
  - ✓ Voetganger ingang: Motorhek (29ste Laan)

**As gevolg van die Opedag, verdaag die skool Vrydag, 8 Maart 2024 om 13:00.**

**KLAS-/GRAADVERTEENWOORDIGERS**

Neem asseblief kennis dat die ouers wie dien as klas-/graadverteenwoordigers, slegs daar is vir ondersteuning vir die skool, en NIE 'n skakel is tussen skool en ouer vir navrae nie. Indien u 'n navraag het, rig dit direk aan die skool en nie deur die klas-/graadverteenwoordigers nie. Ons dank u vir u samewerking in hierdie verband.

**SPORT**

- **Rugby**
  - **Bulletjierugby (Graad R- tot 2-seuns)**

    Betrokke ouers/voogde kan nou die seisoengeld betaal van R430.00 Betaling vir die Bulletjieseisoen sal gehef word op u skoolgeldrekening. Alle betalings word slegs by die finansiële kantoor gedoen, of per EFT-betaling waarvan die verwysingsnommer as volg is: U familiekode met die woord "Bul."

    Vir enige verdere inligting, kontak mnr. Johan Basson by 0827785800.

    Oefentye vir die komende week:
    - ✓ Maandag 17:00 – 18:00
    - ✓ Woensdag 17:00 – 18:00

    Wedstryde vir die komende week:
    - ✓ Vrydag (Tuis)
      Ouers/Spelers sal reëlings ontvang.

  - **Seuns o/9 – o/13**

    Oefentye vir die komende week:

    | | | |
    |---|---|---|
    | ✓ Maandag | o/9 en o/10 | 14:00 – 15:00 |
    | | o/11 – o/13 | 15:00 – 16:00 |
    | ✓ Donderdag | o/9 en o/10 | 14:00 – 15:30 |
    | | o/11 – o/13 | 15:30 – 17:00 |

    Opkomende wedstryde (Soos per vorige Nuusbrief):
    - ✓ SLEGS o/13A – Saterdag (2 Maart 2024) Laerskole Blou Bulle Midstreamdag (Weg) teen Laerskool Bakenkop.
      Spelers het 'n program ontvang.

    Wedstryde vir die komende week:
    - ✓ Dinsdag Laerskool Garsfontein (Tuis)
      Spelers sal 'n program ontvang.

- **Netbal**
  - **Mandjie-Netbal**
    Oefentye vir die komende week:
    - ✓ Dinsdag en Donderdag 13:00 – 14:00
  - **Mini-Netbal**
    Oefentye vir die komende week:
    - ✓ Dinsdag en Donderdag 14:00 – 15:00
  - **Dogters o/10 – o/13**
    - ✓ Netbalrokkies
      Ons wag vir die verskaffer om die rokkies vir ons te stuur wat bestel is. Indien dit nie betyds hier is teen Woensdagoggend nie, kan die dogters in hul Villiesbroek en -hemp speel. Jammer vir die ongerief.
    - ✓ Oefentye vir die komende week:
      *Geen oefening Dinsdag, 5 Maart 2024 nie as gevolg van die o/12- en o/13-Poolproewe wat tuis plaasvind.*
      *A- en B-spanne*
      Donderdag 14:00 – 15:30

      *C-spanne*
      Donderdag 15:00 – 16:00
    - ✓ Wedstryde vir die komende week:
      Woensdag Laerskool Garsfontein (Tuis)

      Program:

| TYD | BAAN 4 | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 |
|---|---|---|---|---|
| **14:30 – 14:55** | o/10B | o/11C | o/12B | o/13C |
| **15:00 – 15:25** | o/10C teen D | o/11B | o/12C | o/13A |
| **15:30 – 15:55** | o/10A | o/11C teen D | o/12A | o/13C teen D |
| **16:00 – 16:25** | o/10C | o/11A | o/12C teen D | o/13B |

- **Skaak**
  Oefentye vir die komende week:
  - ✓ Maandag en Woensdag Graad 2 en 3 13:30 – 14:15 (Klas 53)
  - ✓ Maandag en Woensdag Graad 4 en 5 13:45 – 14:30 (Klas 30)
  - ✓ Maandag en Woensdag Graad 6 en 7 13:45 – 14:30 (Klas 29)

- **Atletiek**
  Hartlik geluk my Villies, met wat ek beskou as een van ons grootste atletiekseisoene nog. ‘n Rekordgetal van 14 atlete (19 items) wat deelneem aan die Gauteng Kampioenskappe in Boksburg op Vrydag, 8 Maart 2024 en Saterdag, 9 Maart 2024.
  Alle sterkte aan die volgende atlete: Armand Claase, Ziandri Louw, Janko Labuschagne, Luhan Koekemoer, JJ de Wit, Jason Steyn, Riku Potgieter, Cherise Meadows-Erasmus, Ruben Esterhuyse, Ethan Vos, McKayla Fourie, Aldo Potgieter, Jordan Roos, Dylan Schult.

## KULTUUR

- **Welsprekendheid (ATKV-Redenaars)**
  Leerders wat hul toesprake ingehandig het, sal dit Maandag, 4 Maart 2024 terugkry. Dit is die leerder se eie verantwoordelikheid om sy/haar toespraak te gaan leer. Kultuurpersoneel sal vanaf kwartaal 2 elke Maandag en Woensdag (14:00 – 15:30) in juf. Lou-Hanri Breedt (K.23) wees vir afronding. Leerders sal in die sessies die geleentheid kry om hul praatjies op te sê en in te oefen.

- **Individuele sang (Kunstefees)**
  Ons beoog om hierdie jaar leerders in te skryf vir deelname aan Noorderkruin Kunstefees se solosang afdeling.
  Graad 1- tot 7-leerders wie belangstel, is welkom om vir oudisies te kom, aangesien ons slegs 'n sekere hoeveelheid leerders kan inskryf. Oudisies sal op die volgende datums in die skoolsaal plaasvind:
  - ✓ Graad 1 en 2 Maandag, 4 Maart 2024 13:30 – 15:30
  - ✓ Graad 3 en 4 Maandag, 11 Maart 2024 13:30 – 15:30
  - ✓ Graad 5 – 7 Woensdag, 13 Maart 2024 13:30 – 15:30

  Die leerders moet asseblief een vers van Stille Nag en Vader Jakob voorberei. Die leerders sal ook gevra word om een vers van enige ander liedjie van hul keuse te sing. Dit maak nie saak in watter genre dit val nie.
  Leerders wie deurdring om deel te neem, sal Maandag, 18 Maart 2024 'n skrywe ontvang.
  Oefentye sal vanaf kwartaal 2, 'n Maandag of 'n Woensdag plaasvind vanaf 13:30 – 15:30.

## AKADEMIE (Graad 4 – 7)

Soos reeds per Omsendbrief 1/2024 (25 Januarie 2024) aan alle ouers/voogde ge-epos, hier is die Toetsrooster weer vir kwartaal 1.

| DATUM | GRAAD 4 – 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| 20 Februarie 2024 | Engels | Engels |
| 21 Februarie 2024 | Afrikaans | Afrikaans |
| 22 Februarie 2024 | Wiskunde | Wiskunde |
| 27 Februarie 2024 | Nw/Teg | NW |
| 29 Februarie 2024 | SW (Gesk) | EBW |
| 5 Maart 2024 | SW (Geo) | SW (Gesk en Geo) |

## HERHALENDE BOODSKAPPE

## KOPLUISE

Ons vra weer ernstig dat u, u kind(ers) se hare gereeld sal nagaan vir kopluise. Ons wil nie dat hierdie ondier kop uitsteek nie. Behandel die kopluise vroegtydig en deeglik. Neem kennis, 'n kind met kopluise mag nie skool toe kom nie, aangesien ander kinders dan ook daar onder kan ly en 'n groter probleem in die skool veroorsaak word. Indien daar nood is en u nie dadelik die produk vir behandeling kan bekom nie, kan u die skool nader vir 'n produk vir behandeling.

**<u>FOTO'S</u>**

- <u>Individuele foto's</u>
  Alle fotobestellings moet voor of op Dinsdag, 12 Maart 2024 by die registeronderwysers inbetaal wees. Maak asseblief seker die korrekte bedrag word in die koevert geplaas.
- <u>Atletiekfoto</u>
  Atlete kan die atletiekfoto bestel en betaal by juffrou Noenkie van Staden teen R50 elk.

**<u>GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (Veldskool)</u>**

Alle graad 6- en 7-leerders het Dinsdag, 30 Januarie 2024 briewe ontvang rakende hul opvoedkundige toer gedurende Oktober 2024. Neem vroegtydig kennis van die betalingsopsies. Indien EFT-betalings, wees seker u maak gebruik van u familiekode en die woord "Veldskool" as verwysing.

**<u>SPORT</u>**

- **<u>Hekkies (Afrigting)</u>**
  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 0828201989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

- **<u>Fietsry</u>**
  Indien jy enigsins al die gevoel gekry het dat jy tog jou kind vir 'n slag van die rusbank af wil kry, hier is jou kans. Laerskool Villieria is geaffilieer by Gauteng-Noord Skole Fietsry.
  'n Laerskool Villieria gazebo sal sigbaar wees by die byeenkomste vir leerders en/of ouers wat navrae het of sommer net 'n draai daar wil maak.
  Vir alle fietsry navrae, kontak mnr. Dewald van der Merwe – 0605199342.
  Sien onderstaande advertensie vir alle nodige inligting om in te skryf vir die opkomende byeenkomste.

- **<u>Hengel</u>**
  Goedkeuring is verleen, soos met fietsry, dat belangstellende leerders van ons skool by hierdie aktiwiteit betrokke kan raak en onder ons skool se naam mag deelneem. Of u kind(ers) al vis gevang het of nie, alle leerders is welkom. Hierdie aktiwiteit funksioneer heeltemal op sy eie. Geen personeel van ons skool is betrokke nie.
  Kontak asseblief vir mnr. Nico Stapelberg by 0609240851 of stapelberg911@gmail.com
  Leerders wie Provinsiale- en/of Nasionale Kleure verwerf, sal wel tydens ons weeklikse saalopeninge erkenning kry en mag soos enige ander prestasie op Vrydae hul Provinsiale en/of Nasionale Kleure skool toe aantrek.

**<u>BOUPROJEK</u>**

Dis kwartaal een van 2024, en ons het kwartaal vier van 2023 en kwartaal een van 2024, geoormerk vir enige inisiatiewe, kontakte, asook kontantbydraes deur middel van ons Villies Boufondsvorms (koop-'n-steen, koop-'n-muur). Nuwe klasse moet aangebou word.
Kontantbydraes en EFT-betalings vir die bouprojek word deur u kind se Villies Boufondsvorm gedoen en direk by die skool inbetaal.
<u>Die redes vir ons genoemde Villies Bouprojek is om nuwe klasse aan te bou vir kwaliteit onderrig vir ons leerders:</u>


- Graad 1 en 2 – Nou vyf klasse, waarvan een klas in ons buurkerkgebou gehuisves word;
- Graad 5 – Voogklas, asook Engels hou skool tans in die skoolsaal.

Kontak asseblief ons projekleier (ouer van die skool), meneer L.W. van der Merwe vir moontlike kontakte en/of inisiatiewe by lwvdmerwe@mediplanarch.co.za

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete




**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***SIEN ADVERTENSIES OP VOLGENDE BLADSYE***


Dr Johann C Mader
TANDARTS • DENTAL SURGEON
Jeanette Mulder - Mondhigiënis - 012 335 3663
NEEM U KIND DEEL AAN 'N KONTAKSPORT?
SKAKEL ONS VANDAG VIR 'N
LABORATORIUM VERVAARDIGDE MONDSKERM
infodrjcm@gmail.com
drjcm@mweb.co.za
736 Mortimer Ave / Ln 736,
Mayville, Pretoria, 0084

# 21 MAART 2024
## MENSEREGTE DAG

# TENNIS TOERNOOI




**BEGINNERS, INTERMEDIER EN GEVORDERDE SPELERS**
**almal welkom - Gr R/1 groep=mini nette baan**

**DONDERDAG OGGEND (VAKANSIE DAG)**
**VOORPOS L/S OF KOEDOEPARK TENNIS KLUB**
**8:00 - 12:00 NM**

**R300 PER SPELER**
**CORNELIA 082-496-9878**
**LOUIS 061-118-6567**
**OM IN TE SKRYF**




1031 Nico Smith st.
Villieria
P O Box 31605
Waverley
0135

- Tel : 012 333 2629
- Tel : 012 333 3384
- Cell: 079 018 3230
- Tel : 012 333 3676
- Fax: 086 652 6642
- Cell: 064 908 6912
- Email: nexorsigns@global.co.za
- Website: www.nexorsigns.co.za

Follow us on Facebook

# Sport Combo - Limited Stock

*** This price is only valid for March - May 2024**

1 x 1.2Liter Stainless steel Vacuum water bottle
1 x Chill Cooling Sports Towel
1 x Basic Sun Visor

*** Includes only 1 colour branding per item on available space on items (DTF Video Flex / Vinyl)**

**R 420.00**
**per combo**
**March/May 2024**

# GAUTENG SCHOOLS CYCLING

## DATES 2024

### GAUTENG SCHOOL SERIES

| PRIMARY SCHOOLS | | |
|---|---|---|
| Event #1 | 24 February | Hazeldean Valley Farm |
| Skills #1 | 9 March | Grootfontein MTB Park |
| Skills #2 | 6 April | Hazeldean Valley Farm |
| Event #2 | 11 May | Prime View Adventure & Leisure |
| Event #3 | 1 June | Die Bosveld |
| Event #4 | 3 August | Steyn City |
| Event #5 | 24 August | Grootfontein MTB Park |
| Interprovincial | 19 October | Harrismith |

GAUTENG SCHOOLS CYCLING